

'n Gids vir die

# GROEOPLEIER



Koningskinderskamp



## **INHOUDSOPGAWE:**

1. Administratief
  - 1.1 Kamppsalme
  - 1.2 Kampvers
  - 1.3 Bybelstudie-program
  - 1.4 Hantering van werkstukke
2. Hoe werk die Bybel?
3. Vinnige verwysings
4. Antwoorde en riglyne vir werkstukke
  - 4.1 Aktiwiteit 1 – Enige ware God
  - 4.2 Aktiwiteit 2 – Gebed (Onse Vader)
  - 4.3 Aktiwiteit 3 – Skepping
  - 4.4 Aktiwiteit 4 – Die sondeval
  - 4.5 Aktiwiteit 5 – Die 10 gebooe (inleidend)
  - 4.6 Aktiwiteit 6 – 1ste, 2de en 3de gebod
  - 4.7 Aktiwiteit 7 – 4de, 5de en 7de gebod
  - 4.8 Aktiwiteit 8 – 6de, 8ste, 9de en 10de gebod
  - 4.9 Aktiwiteit 9 – Die geboorte van Jesus
  - 4.10 Aktiwiteit 10 – Wonderwerk (Die visvangs)
  - 4.11 Aktiwiteit 11 – Wonderwerk (Vermeerdering van die brood)
  - 4.12 Aktiwiteit 12 – Jesus word gekruisig en begrawe
  - 4.13 Aktiwiteit 13 – Die opstanding
  - 4.14 Aktiwiteit 14 – Hemelvaart
  - 4.15 Aktiwiteit 15 – Die uitstorting van die Heilige Gees
  - 4.16 Aktiwiteit 16 – Ewigheidsperspektief
  - 4.17 Aktiwiteit 17 – Hersiening (opsioneel)
5. Koningskinderslied



# Administratief:

## 1.1 Kamppsalm

Laat die kinders die kamppsalm (wat vooraf beplan is) in die blokkie in hul werkboeke invul OF druk die kamppsalm en plak dit in die blokkie. Hierdie psalm moet gedurende die kamp geleer word en gesing word met elke Bybelstudie.

## 1.2 Kampvers

Laat die kinders die kampvers (wat vooraf beplan is) in die blokkie in hul werkboeke invul OF druk die kampvers en plak dit in die blokkie. Hierdie versie moet gedurende die kamp geleer word en opgesê word met elke Bybelstudie.

## 1.3 Bybelstudie-program

Die volgende program word aanbeveel:

DAG:	TYDGLEUF:	WERKSTUK:
1	Na middagete (verdeel in groepe)	Werkstuk 1
	Na aandete (groep as geheel)	Predikant
	Voor slaapyd	Werkstuk 2
2	Na opstaantyd (individueel)	Eie stiltetyd
	Na ontbyt	Werkstuk 3
	Na middagete	Werkstuk 4
	Na aandete	Predikant
	Voor slaapyd	Werkstuk 5
3	Na opstaantyd	Eie stiltetyd
	Na ontbyt	Werkstuk 6
	Na middagete	Werkstuk 7
	Na aandete	Predikant
	Voor slaapyd	Werkstuk 8
4	Na opstaantyd	Eie stiltetyd
	Na ontbyt	Werkstuk 9
	Na middagete	Werkstuk 10
	Na aandete	Predikant
	Voor slaapyd	Werkstuk 11
5	Na opstaantyd	Eie stiltetyd
	Na ontbyt	Werkstuk 12
	Na middagete	Werkstuk 13
	Na aandete	Predikant
	Voor slaapyd	Werkstuk 14
6	Na opstaantyd	Eie stiltetyd
	Na ontbyt	Werkstuk 15
	Na middagete	Werkstuk 16
	Na aandete	Predikant
	Voor slaapyd (opsioneel)	Werkstuk 17
7	Kerk	

## 1.4 Hantering van werkstukke

Elke werkstuk moet voltooi word op die kamp, behalwe vir die laaste werkstuk, dit is opsioneel en is slegs hersiening van wat op die kamp behandel en geleer is. In hierdie gids word die werkstukke se antwoorde weergegee asook riglyne van besprekingspunte wat met die kinders behandel moet word. By elke aktiwiteit word 'n aantekeninge blokkie voorsien waarin u belangrike notas kan maak.



# Hoe werk die Bybel?

**VERDUIDELIK VIR DIE KINDERS HOE OM MET 'N BYBEL TE WERK. DIE VOLGENDE KAN HELP, MAAR MAAK SEKER DAT DIE KIND PRAKTIES EN SELF DIE BYBEL KAN OPEREER.**

Heel voor in die Bybel is daar 'n inhoudsopgawe, hierdie inhoudsopgawe wys vir ons op watter bladsy watter Boek voorkom.



Die Bybel bestaan uit twee dele, naamlik die Ou Testament en die Nuwe Testament.

Elke Testament is verder verdeel in Boeke, elkeen met sy eie naam.

Die Boeke word weer verdeel in hoofstukke, elke hoofstuk word met 'n **GROOT** syfer genummer.

Elke hoofstuk word weer verdeel in versies, elke versie word genummer met 'n klein syfer.

Byvoorbeeld:  hoofstuk


**23** 'n Psalm van Dawid.

Die Here is my Herder,  
ek kom niks kort nie.

<sup>2</sup> Hy laat my rus in groen weivelde.

Hy bring my by waters waar daar vrede is.

<sup>3</sup> Hy gee my nuwe krag.

 vers

Wanneer ons dus 'n gedeelte in die Bybel opsoek, sê ons dit so:

Psalm drie en twintig vers twee, maar ons skryf dit so:

Psalm 23:2

Die dubbelpunt ( : ) beteken dus "vers".

Nou kan jy voor in jou Bybel kyk by die inhoudsopgawe en Psalm 23:2 gaan opsoek!

# Vinnige verwysings

**HIERDIE VERWYSINGS KAN GEBRUIK WORD INDIEN DIE GROEPLEIER VINNIG 'N GEDEELTE IN DIE BYBEL SOEK OM 'N KIND TE BEMOEDIG OF OM 'N PUNT TE STAAF. DIE KIND KAN DIT OOK GEBRUIK VIR STILTETYD IN DIE OGGEND.**

Hele Bybel deur God gegee	2 Pet 1: 20-21; 2 Tim 3: 16; 1 Pet 1: 25
Net een God, kan nie twee here dien nie (God, Mammon)	1 Kor 8: 2-6; Matt 6: 24; Deut 5: 7; 1 Tim 2: 5; 1 Kron 16: 26
As God vir ons is, wie kan teen ons wees	Rom 8: 31-39
Die Here vergewe as jy sondes bely	Joh 8: 1-11; 1 Joh 1: 8- 1 Joh 2:2
Die Here gee Heilige Gees as Trooster	Joh 14: 12-18; 26
Tot alles in staat deur Christus	Fil 4: 13
Deur Christus kan jy jou gedagtes beheer	2 Kor 10: 3-5
Onderwerp jou aan God	Jak 4: 7
Die sorg van die lewe	Matt 6: 25-34; Luk 12: 22-34; Filip 4: 6
Dra mekaar se laste, die juk van die lewe	Gal 6: 2; Matt 11: 28-30
As jy nie werk, moet jy nie eet	2 Thess 3: 10
Vergeet dinge van agter, strek uit na voor	Fil 3: 14
Beproewinge, versoekinge	Jak 1: 2-18
Die Here sal jou nooit begewe, verlaat	Heb 13: 5; Ps 27
Arm, maar ryk in die geloof	Jak 2: 5-6
Skat in die hemel	Matt 6: 19-21
Ons liggeme is lede van Christus	1 Kor 6: 12-20; Rom 12: 1
Wapenrusting van God	Efe 6: 11-20
Die liefde	1 Kor 13
Vrugte van die gees	Gal 5: 22
Dra vrugte wat by bekering pas	Matt 7: 15-23; Matt 12: 33-37
Beproof alle dinge.... maar?	1 Thes 5: 21-22
Onreine gees kom terug, as huis leeg is.....	Matt 12: 44-45
Beheersing van die tong	Jak 3: 1-12
Moenie sweer nie	Jak 5: 12
As jou hand jou laat struikel	Matt 5: 29-30
Nou en wye poort	Matt 7: 13-14
Die Satan is die Vader van die leuen	Joh 8: 44
Die Duiwel is 'n brullende leeu	1 Pet 5: 8-9
As broeder haat, kan jy nie in lig wandel nie	2 Joh 2: 9-11; Luk 11: 33-36; 1 Joh 3: 4-18; 1 Joh 4: 20-21
Haal die balk uit jou eie oog	Matt 7: 13-14
Draai jou ander wang	Luk 6: 27-31
Vergewe, vergewe, vergewe	Matt 18: 21-35; Kol 3: 13
Moenie jou wreek, aan God kom wraak toe	Rom 12: 17-21
Laat son nie ondergaan oor toorn	Efe 4: 26-32
Nederigheid, was mekaar se voete	Joh 13: 1-20
Gehoorsaamheid aan God die belangrikste	1 Sam 15: 22
Gehoorsaamheid aan ouers	Efe 6: 1-4; Kol 3: 20; Luk 2: 41-52; Spr 30: 17
Oor die egskeiding	Mark 10: 1-12; Mal 2: 15-16; Rom 12: 1
Die Onse Vader	Matt 6: 9-13
Bid sonder ophou, die gebed, vertrou	1 Thess 5: 17; Jak 1: 2-18; Matt 7: 7-11
Ek is die Weg, die Waarheid, die Lewe	Joh 14: 6; Hand 4: 12
Geloof sonder werke, word daders van geloof	Jak 2: 14-26; Jak 1: 19-27
Moet raak soos 'n kindjie	Matt 18: 1-14
Regverdigmaking deur geloof	Rom 3: 21-31
Valse profete	1 Joh 4: 1-6
Wederkoms kom soos dief in die nag	2 Pet 3: 10-17; Matt 24: 1-35; 1 Pet 5: 8
Die laaste oordeel	Openb 20: 11-15
Nuwe hemel en aarde	Openb 21: 1-8
Nuwe Jerusalem	Openb 21: 9-27
Oor die weeropstanding van die vlees	1 Kor 15; 1 Thes 4: 13-18
Vervolging van Christene	1 Pet 4: 12-19
Oes is baie, arbeiders is min	Matt 9: 37-38
Die Here sal jou sê wat om te sê	Ex 4: 12; Hand 4:8; Matt 10: 19-20; 2 Tim 4: 17
Verskillende gawes	1 Kor 12: 1-11
Ons moet Evangeliseer	Ese 3: 18-21
Ons moet Christus eerstens verkondig	Kol 1: 28-29
Ons moet ook hulle verder leer	Heb 6: 1-2
Ons is as wagers oor mekaar aangestel	Ese 3: 17
Ons moet sondes bely, alle mense is sondig	1 Joh 1: 8-10; Rom 3: 9-20
Die wet is die tugmeester na Christus (sondebeseft)	Gal 3: 24-27



ANTWOORDE

en

RIGLYNE

vir werkstukke



## AKTIWITEIT 1 – ENIGE WARE GOD

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Jesaja 40:12-31** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Wie is God?
  - Wat is eienskappe?
  - Eienskappe van God.
  - Om na die Beeld van God geskape te wees? (Genesis 1:26-27)
  - Drie-enigheid van God kan as volg verduidelik word:  
    'n Eier – dit het 'n dop, eierwit en eiergeel. Al 3 die dinge vorm die eier, maar elkeen het sy aparte funksie.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:
  - Eienskappe van God = Liefde, verdraagsaam, genadig, geduldig, almagtig, alomteenwoordig, regverdig. Verduidelik die betekenis van die eienskappe vir die kinders. Ander eienskappe kan ook genoem word.
  - Ons leer God ken deur die BYBEL te lees en deur na Sy SKEPPING te kyk.
  - God bestaan uit drie persone, maar is **een** wese –  
    God die VADER  
    God die SEUN  
    God die HEILIGE GEES
  - Wat beteken dit om na die beeld van God geskape te wees?  
    Om na die beeld van God geskape te wees beteken om aan Sy karakter gelyk te wees. Ons moet dus daarna strewende om die eienskappe van God uit te leef.

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## AKTIWITEIT 2 – GEBED

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Matteus 6:5-15** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Wat is gebed?
  - Hoekom moet ons bid?
  - Wanneer mag ons bid?
  - Vir wat mag 'n mens bid?
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:
  - 1. B
  - 2. A
  - 3. B en C
  - 4. A en C
  - 5. B
  - Vul die uitgelate woorde in op die regte plekke.

Ons Vader wat woon in die Hemel,  
Laat U naam geheilig word,  
Laat U koninkryk kom,  
Laat U wil geskied,  
Soos in die Hemel,  
So ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons daaglikse brood  
En vergeef ons, ons skulde,  
Net soos ons, ons skuldenaars vergewe.  
Lei ons nie in die versoeking nie,  
Maar verlos ons van die bose.  
Want aan U behoort die  
Koninkryk, die  
Krag, en die  
Heerlikheid tot in Ewigheid!  
AMEN

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---



## AKTIWITEIT 4 – DIE SONDEVAL

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Genesis 3** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Hoekom het die Here aan Adam en Eva 'n bevel gegee om van sekere vrugte nie te eet nie, wat was die Here se doel?
  - Wat het gebeur nadat hulle ongehoorsaam was aan God se bevel?
  - Wat is sonde?
  - Wat is die sondeval?
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:
  - 1. Waar
  - 2. Onwaar
  - 3. Onwaar
  - 4. Waar
  - 5. Waar
  - 6. Onwaar

## NIEMAND IS REGVERDIG NIE

- ❖ Skrifgedeelte: **Romeine 3:10-12 en Jesaja 53:5** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Wat beteken “niemand is regverdig nie”?
  - Verdien ons die sonde en straf? Hoekom?
  - Hoekom red Jesus ons deur die kruisiging?
  - Deur Jesus is ons regverdig.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:
  - 1. d
  - 2. a
  - 3. b
  - 4. e
  - 5. c

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## AKTIWITEIT 5 – DIE 10 GEBOOIE

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Eksodus 19:16-25** asook **Eksodus 20:1-20** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Is die Wet (10 gebooie) van toepassing op ons lewens vandag?
  - Wat gebeur as ons die Wet nie gehoorsaam nie?
  - Gaan ons hel toe as ons nie die Wet gehoorsaam nie?
  - Die Wet moet deel wees van ons waardes en normes.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk: Antwoorde kan verskil van kind tot kind.
  - 1. Daar is net een God.
  - 2. Jy mag geen ander gode aanbid nie.
  - 3. Jy mag die Here se naam nie ydelik gebruik nie.
  - 4. Jy moet die sabbatdag heilig hou.
  - 5. Eer jou vader en moeder.
  - 6. Jy mag nie moord pleeg nie.
  - 7. Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
  - 8. Jy mag nie steel nie.
  - 9. Jy mag nie jok (valse getuienis aflê) nie.
  - 10. Jy mag nie begeer nie.

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## AKTIWITEIT 6 – 1STE EN 2DE GEBOD

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Daniël 3:1-30** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Hoe hou die 1ste en 2de gebod verband met mekaar?
  - Wat is die 1ste gebod? Gesels ook ook alledaagse voorbeelde.
  - Wat is die 2de gebod? Gesels ook ook alledaagse voorbeelde.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:  
Kleur die prent in.

## AKTIWITEIT 6 – 3DE GEBOD

- ❖ Skrifgedeelte: **Levitikus 24:10-16** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Wat beteken dit om die naam van die Here te misbruik?
  - Gesels oor alledaagse voorbeelde.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:

Z	K	E	A	H	M	Q	R	U	A	Y	O
A	L	T	S	J	A	W	F	J	W	H	N
G	I	N	S	K	A	A	V	M	E	N	E
P	P	E	E	L	N	Z	V	F	D	J	E
B	P	E	L	A	S	T	E	R	S	G	R
C	E	M	O	Z	D	E	T	E	X	F	B
C	K	E	M	X	O	D	G	T	R	D	I
F	Q	G	I	C	G	M	O	S	E	S	E
Q	W	S	T	R	A	F	B	K	F	R	D
A	E	U	F	V	N	C	N	I	V	G	I
M	R	I	G	B	M	R	Y	O	G	H	G
D	T	O	H	N	N	A	D	L	T	J	T
O	Y	P	J	M	L	V	H	P	G	U	D

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---



## AKTIWITEIT 7 – 4DE GEBOD

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Numeri 15:32-36** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Watter dag is die sabbatdag?
  - Wat moet ons alles doen op 'n Sondag?
  - Wat beteken dit om die sabbatdag te heilig? Afgesonder vir God.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk: Antwoorde kan verskil van kind tot kind.
  - 1. Ons moet die dag vir God afsonder deur kerk toe te gaan.
  - 2. Tyd met God te spandeer, ens.

## AKTIWITEIT 7 – 5DE GEBOD

- ❖ Skrifgedeelte: **Genesis 9:20-29 en Galasiërs 5:21** (Lees die gedeeltes voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunt:**
  - Hoekom moet ons aan ons ouers gehoorsaam wees?
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:
  - 1. Hy raak dronk. (Dronkenskap)
  - 2. Die ewige dood. (Gal. 5:21) Die wat sulke dinge doen sal nie die koninkryk van God beërwe nie.
  - 3. Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.
  - 4. Hy is vervloek.

## AKTIWITEIT 7 – 7DE GEBOD

- ❖ Skrifgedeelte: **Johannes 7:53 asook Johannes 8:1-11** (Lees die gedeeltes voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunt:**
  - Wat beteken dit om egbreuk te pleeg? Bespreek 'n paar alledaagse voorbeelde.
- ❖ **Antwoord** van werkstuk:
  - B

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## AKTIWITEIT 8 – 6DE, 8STE, 9DE EN 10DE GEBOD

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **1 Konings 21:1-19** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Noem die 6de, 8ste, 9de en 10de gebooie op.
  - Gesels oor alledaagse voorbeelde wat met betrokke gebooie verband hou.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:

### **Dwars:**

1. Nabot
3. Isebel

### **Af:**

2. Agab
4. Gestenig
5. Elia

### **Verduidelik in jou eie woorde hoe elke gebod inpas by die verhaal:**

6de gebod: Nabot is vermoor deur Isebel.

8ste gebod: Agab steel Nabot se wingerd.

9de gebod: Isebel laat twee manne valse getuienis aflê teen Nabot.

10de gebod: Agab begeer Nabot se wingerd.

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## AKTIWITEIT 9 – JESUS SE GEBOORTE

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Lukas 2:1-21** asook **Matteus 1 :18-21** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Wanneer vier ons die geboorte van Jesus?
  - Hoekom vier ons die geboorte van Jesus?
  - Bespreek die belangrikheid van die geboorte van Jesus.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk: (kleur ook prentjie in)

### **MATTEUS 1:19-21**

Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê : 'Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.'

#### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---



## AKTIWITEIT 11 – WONDERWERK: VERMEERERING VAN DIE BROOD

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Lukas 9:10-15** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Jesus voorsien nie net fisiese kos aan die massas mense nie, maar ook geestelike kos.
  - Wat is geestelike kos?
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk: (kleur ook prentjie in)
  - 1. b
  - 2. b
  - 3. c
  - 4. a
  - 5. c

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---





## AKTIWITEIT 14 – DIE HEMELVAART

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Markus 16:9-20 en Lukas 24:50-53** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Wanneer vier ons Hemelvaart?
  - Hoekom vier ons Hemelvaart?
  - Wat beteken Hemelvaart vir ons vandag?
  
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:
  - Aan wie het Jesus heel eerste verskyn nadat Hy opgestaan het uit die graf? *Maria Magdalena*
  - Aan wie het Jesus tweede verskyn? *Aan twee dissipels.*
  - Wat is die plek se naam waar Jesus opgevaar het na die hemel? *Betanië*
  - Hoekom het Jesus opgevaar na die hemel? *Hy het gaan sit aan die regterhand van God, en om plek vir Sy kinders voor te gaan berei.*

### VERBIND DIE SINNE OM BYMEKAAR TE PAS:

Hemelvaart	regterhand van God.
Jesus sit aan die...	Plek waar hemelvaart plaasgevind het.
Die dissipels...	Hemelvaartdag
Betanië	Om na die hemel op te vaar.
14 Mei	het nie Jesus herken nie.

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---





## AKTIWITEIT 16 – EWIGHEIDSPERSPEKTIEF

- ❖ Open met **gebed**.
- ❖ Skrifgedeelte: **Openbaring 20:11-15** asook **Openbaring 21:1-8** (Lees die gedeelte voor, kinders kan ook die geleentheid gegee word om 'n versie of twee te lees).
- ❖ **Besprekingspunte:**
  - Wat is die hemel?
  - Gesels oor die Ewigheid.
- ❖ **Antwoorde** van werkstuk:
  - Geneem uit Openbaring 21:3-5

<sup>3</sup> Toe het ek 'n **harde** stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die **mense**. Hy sal by hulle **bly**; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle **God**.”

<sup>4</sup> Hy sal al die **trane** van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook **leed**, smart en **pyn** sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”

<sup>5</sup> Toe sê Hy wat op die **troon** sit: “Kyk, Ek maak alles **nuut**.” En daarna sê Hy: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is **betroubaar** en waar.”

- Wat beteken dit om vir ewig te lewe en saam met Wie gaan jy vir ewig lewe?

*Dit beteken dat jy nooit gaan doodgaan nie. Jy gaan verewig saam met die Here in die Hemel leef.*

### AANTEKENINGE:

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

**AKTIWITEIT 17 - OPSIONEEL**

# Hersiening

Onthou jy nog die  
10 gebooe??



Matteus 22:34-40

**Wat is die grootste gebod en ook 'n samevatting van die 10 gebooe?**

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en verstand en jou naaste soos jouself. (Antwoorde van kinders kan verskil, maar moet min of meer ooreenstem)

## Omkring die regte sterretjies!

Die aarde is  
geskep in 5 dae.

God is 3 persone: Vader,  
Seun, Heilige Gees.

Jesus leer ons om die  
Onse Vader te bid.

Jesus het ons nie  
vrygekoop nie.

Ons word in sonde  
ontvang en gebore.

Jesus sterf aan  
die kruis.

Jesus het  
opgevaar na die  
hemel.

Die Heilige Gees is ons  
Helper en Trooster.

Jy gaan hemel toe  
deur jou werke.

**Om te onthou:**

**JY IS 'N KONINGSKIND!!**

**DIE HERE HET JOU ONEINDIG LIEF!!**



# Koningskinderslied

Kom kinders, kom sing nou 'n vrolike lied  
want ons is gelukkig al ken ons verdriet.  
Want God is ons Vader, die Koning van ons  
hart.  
En Hy dra ons altyd in voorspoed en in smart.

## **KOOR:**

Koningskinders, dit is ons naam,  
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.

Ons gaan deur die lewe gelukkig en bly.  
Met Christus ons Heiland getrou aan ons sy.  
Wie sou dan nie sing nie, Sy grote naam nie  
eer?  
Want Hy's ons Verlosser, ons Redder en ons  
Heer.

## **KOOR:**

Koningskinders, dit is ons naam,  
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.

Al gaan deur die lewe nie alles steeds goed  
met stryd en met strewe behou ons die moed.  
God's Gees en die Bybel vertel ons telkens  
weer  
dat God kinders liefhet wat lewe tot Sy eer.

## **KOOR:**

Koningskinders, dit is ons naam,  
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.